



## AMP BESKRYWING

AMP TITEL	Sosialehoof
INSTANSIE	Apiesrivier Landelike BBV

### DOEL VAN AMP

Om op te tree as die verkose/aangewysde sosialehoof van die Apiesriver Landelike BBV en om te same met die uitvoerende komitee en bestuur en die verskillende strukture waar uit daar voortvloeiende aksies is, doeltreffend te bestuur.

### SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE

Beplanning, organisering, leiding en beheer van alle take soos vervat in die Apiesrivier Landelike BBV grondwet, wet 101 van 1998 op veld- en bosboubrande en verwante wetgewing en aktiwiteite van die brandvereniging van die Apiesrivier Landelike BBV gebied.

### BESKRYWING VAN TAKE

#### Beplanning

- Deelname aan die jaarlikse proses van beplanning ten einde die nodige doelwitte, take en hulpbronne te bepaal wat daartoe sal lei dat die doel van die amp bereik word.
- Gesamentlike beplanning rondom die BBV se begroting, jaarprogram en gebeurlikheidsplanne.
- Opstel van 'n gestandaariseerde operasionele prosedure om ondersteuning te bied tydens brande.
- Opstel van voedseleenheidsplan en maklike spyskaarte.

#### Organisering

- Organisasie van sosiale byeenkoms soos versoek en om 'n gesikte venue te kry vir BBV vergaderings.
- Koördinering van brand voedselbehoeftes tydens brande wat meer as 4 ure duur.
- Ondersteuning van take aan die uitvoerende komitee en bestuur en portefeuilles soos benodig
- Vestiging van goeie samewerkende verhoudinge met toepaslike instansies en belangegroep ten einde om die BBV se funksie doeltreffend te kan uitvoer.



- Gereelde kommunikasie en bystand aan die persone wat kan help met voedselondersteuning.

### **Leiding**

- Motivering van bestuurs-, portefeuilje- en BBV-lede om die take te verrig.
- Bevorder uitbou van die BBV se ledebasis.
- Hy/Sy kan persone aan wys om sekere take te verrig om hom/haar te ondersteun in die uitvoer van sy taak.
- Kan na gelang van omstandighede uitvoerende besluite neem en dit aan die belanghebbendes deurgee as probleme ontstaan verkieslik met die vereniging se bevelspan bespreek en tot 'n aanvaarbare besluit te kom.
- Koördinering met die brandspan op grond vir die nodige behoeftes.
- By hou van die lede verjaarsdaglys en die nodige gelukwense uit te stuur.

### **Beheer**

- Keur kwotasie goed kragtens die uitvoerende komitee en bestuursvergadering se goedkeuring.
- Hersiening van die reëls en regulasies van die BBV in samewerking met die uitvoerende komitee en bestuur.
- Wanneer die sosialehoof bedank moet hy/sy alle korrespondensie, bates en enige ander toerusting aan die BBV bestuur te oorhandig.
- Die sosialehulphoof moet ook 'n amptelike oorhandiging doen van sy amp.
- Die amptelike e-pos besonderhede moet ook aan die bestuur gegee word.

### **VEREISTES VIR DIE AMP**

1. Die sosialehoof moet oor goede organiserings vermoeë beskik.
2. Goeie mense verhoudings hê.
3. Toegang hê tot internet, bbv e-pos en Whatsapp en rekenaargeletterd wees.
4. Moet 'n gereelde radio verbruiker wees.



## PERSOONLIKE EIENSKAPPE/VAARDIGHED

### Ondervinding

- Skakeling met individue en groepe waar die bou van verhoudings noodsaaklik is.
- Vorige blootstelling aan vereniging pligte met inbegrip van beplanning, organisering, leiding en beheer.
- Goeie organisasie en kommunikasie vermoë.
- Ondervinding met veldbrande

### Vaardighede/Eienskappe

- Goeie organiserings vermoë.
- Leierskap. Belangrike funksies van leierskap: visualisering, inspireer, raadgewend, beïnvloeding en mentor.
- Goeie kommunikasie vaardighede, beide gesproke en geskrewe.
- Goeie eienskappe: besluitneming, lojaliteit, moet 'n voorbeeld stel, menslikheid, kalm en beredeneerd, reverdigheid, trots, pligsbesef, verantwoordelikhedsin, goeie selfbeeld en selfvertroue, fisies/psigies fiks, engerie, entoesiasme, insiatief, respek en vertroue inboesem
- Kundig in die hantering van interpersoonlike konflik.
- Diensvaardige oriëntasie.
- Bereid wees om te help met nood.

<b>AMP BEKLEËR</b>	
<b>AMP BESKRYWING GETEKEN OP</b>	
<b>HANDTEKENING VAN AMP BEKLEËR</b>	
<b>AANVANGSDATUM VAN AMP BESKRYWING</b>	
<b>HERSIENINGSDATUM VAN AMP BESKRYWING</b>	Jaarliks tydens die beplanningsessie